Life is an opportunity, benefit from it
Life is beauty, admire it
Life is bliss, taste it
Life is a dream, realize it
Life is a challenge, meet it
Life is a duty, complete it
Life is a game, play it
Life is a promise, fulfill it
Life is sorrow, overcome it
Life is a song, sing it
Life is a struggle, accept it
Life is a tragedy, confront it
Life is a adventure, dare it
Life is luck, make it
Life is too precious, do not destroy it
Life is life, fight for it

Mother Teresa



NG Kerk Rietfontein-Suid
Ons Gee Om
Die Rietfluit
Ek het U hart-lik lief o Heer
JAARTEMA:
IN AANBIDDING VOOR GOD
Okt 2015

## Hoe groot is my probleem ?




Het jy 'n probleem? As jy nie het nie skakel my gerus ek sal jou een gee. Ons het 'n keuse aan watter probleem ons aandag wil gee. Die soort probleem waaraan ons ons tyd spandeer sê baie oor ons lewe.

Sommige spandeer hul tyd aan die probleem van: *hoe kan ek meer geld verdien?* of *hoe kan ek suksesvol wees?* of *hoe kan ek gesonder wees?* of *hoe kan ek veilig wees? of hoe kan ek vir my kinders 'n beter lewe verseker?* ensomeer.

Iemand het gesê: vertel my wat jou probleem is en ek sal jou sê wie jy is.

Mense met klein harte en min visie het klein probleme. Mense kan oor allerlei klein goedjies kibbel bv. hoe om veiliger of geriefliker te leef; *of* hoe om 'n irriterende buurman te hanteer; *of* hoe om met 'n moeilike kollega oor die weg te kom; *of* hoe kry ek meer erkenning *of* hoe kan ek 'n makliker lewe voer? Wie met hierdie soort dinge as probleme hul besig hou is "kleinlik". Soos iemand gesê het: *small people are occupied by small problems.*

Groothartige mense hou hul besig met *groot* probleme byvoorbeeld hoe om 'n verskil te maak in ander se lewe? *of* hoe om hoop te gee vir hopelose mense? *of* hoe om die nood van die omgewing te verlig? *of* hoe om mense by God uit te bring? *of* hoe om siekes by te staan? *of* hoe om met my vermoeëns God se gemeente te help opbou?

Wanneer God mense roep, roep Hy hul om (groot) probleme aan te pak!

**Ons Visie:** **Deur Christus-liefde gee ons vir almal om**

Die enigstes sonder ernstige probleme, is diegene in die begrafplaas.

Die belangrike vraag aan ons is: is ons probleem van so 'n aard dat ek my lewe daaraan wil wy? Wat ons nodig het is 'n God-grootte probleem.

Meeste persone in die Bybel was geroep tot 'n probleem-saak of taak toe hul harte aangegryp was deur die erge toestand of nood en hul gevra het: wie gaan iets hieraan doen? Byvoorbeeld *Moses* kon nie hou om te sien hoe die Israeliete swaar kry onder die Egiptenare nie. Toe het die Here gesê: gaan jy en sê vir Farao om my mense te laat gaan! *Dawid* kon dit nie vat dat Goliat God se mense so uittart nie. God het gesê: goed gaan veg jy teen hom. *Nehemia* kon nie slaap oor die toestand van Jerusalem se vervalle mure nie. God het toe gesê: goed gaan doen jy iets daaraan. Ester was innerlik gebroke oor iemand wat haar mense wou uitdelg. God sê: Ester gaan en help jy om jou mense te bevry. Paulus kon nie sien dat die heidene nie die evangelie hoor nie. God sê: Paulus gaan en bring jy vir hulle die goeie nuus van Jesus!

Wat breek jou hart? Wat laat jou wakker lê? Wat druk God swaar op jou binneste? Watter vervalle mure in jou omgewing ontstel jou? Dit is die groot probleem wat God wil hê jy iets aan moet gaan doen in Sy Naam! Dit is jou Godgegewe-probleem waarmee Hy jou vertrou. Dit is God se geopende deur vir jou lewe.

Gaan maak 'n verskil! Wees gehoorsaam. Ervaar hoe God se droom vir jou lewe realiseer wanneer jy deur die geopende deur wat Hy gee ingaan.

*Leon van Heerden*

## - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- **2 Okt:** Skole sluit
- **12 Okt:** Skole open
- **18 Okt:** Visiediens & Aand Nagmaal om 18:00
- **25 Sept:** Youthbash om 18:00

Sien jou daar!



## OMGEE-BEDIENING

***Die Gemeente wat vir almal omgee!***

Omgeegroepe

Ons gee om.

NG Kerk Rietfontein-Suid

Ons Gee Om

**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!**
**Jy sal nie spyt wees nie.**

**VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:**

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

*Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:*

*Tommy Tademeyer Tel: 082 372 9803*

e-pos: rademeyer.tommy4@gmail.com

## KARWAS




**Elke eerste Saterdag van die maand**

**Waar?** Op kerkgronde aan konsistoriekant op teerblad

**Pryse:** was-en-ry R20 en was-en-stofsuig R35

**Tyd: 9:00-12:00**

Om vir werkloses geleentheid te skep vir 'n paar rand oorlewingsgeld.

**BOOMSLOPINGS & SNOEI**

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

**KONTAK ERNST by 083 656 4992**

www.treecarepta.co.za

# ROEPSTEMME VAN MY HART



**SPREKER:** FLORIS KNOUWDS

**WANNEER:** Vrydag, 23 Oktober 2015

**TYD:** 18:30 vir 19:00
**KOSTE:** R50.00 per paartjie
Registrasie is noodskaaklik, kry jou vorm by die M1 toonbank of op ons webtuiste.

*VERVERSINGS SAL GRATIS VERSKAF WORD*

**"Die roepstemme van my hart"**
gaan oor die behoeftes wat lewensmaats in die verhouding indra – maar dan ook oor die spesifiek "shape" waarin hulle wil hê dat hierdie behoefte voorsien moet word.
Dit help lewensmaats om raak te sien hoe hulle eie verwagtings hulle belewenis van die verhouding kelder.

*Navrae: Philip Langenhoven – 082 890 0377 of Peet Dorfling 084 464 7102*


# EDUBLOX
lees- en leerkliniek

Edublox lees- en leerklinieke spesialiseer in opvoedkundige intervensie wat breinoefeninge-, lees-, spel- en begripsopleiding behels wat kinders se potensiaal ontsluit en hulle help om vinniger te lees en meer effektief te leer.

- *Wetenskaplike assessering*
- *Weeklikse klasse*
- *Intensiewe vakansie kursusse*
- *Wiskunde klasse Gr 2 - 6*
- *Engelse 2de Taal Kursus*
- *Studiblox studietegnieke*

**Hulp vir...**

- *Onoplettendheid en gebrek aan fokus*
- *Lees- en leer probleme*
- *Omkering van letters en / of syfers*
- *Spelprobleme*
- *Swak geheue en konsentrasie*
- *Gebrekkige vordering ten spyte van spesiale klasse of tutoring*



Lees. Leer. Presteer

VIR MEER INLIGTING KONTAK:

www.edublox.co.za

Marelize Odendaal
012 332 4705 /084 580 5665
marelize@edublox.com

Pretoria Moot
Waverley Plaza, Waverley




## *AKSIE PLUS RIETVLEI NATUURRESERVAAT UITSTAPPIE - 16 AUG 2015*
## *HEERLIKE BUITELUG PIEKNIEK*



Is jy nog aktief en op soek na 'n vriendekring wat dinge saam kan doen?

Die KUIERKLUB nooi enkellopendes, tussen die ouderdom van 50 en 70, om by hul aan te sluit.

Kontak Magdaleen of Annalene vir meer besonderhede. Tel. 012 333 2377

# DIENSGETUIENIS-BEDIENING

## GELOOFSOFFER-BELOFTE

**DANKIE VIR ELKEEN WAT REEDS GEE, EN VIR ELKEEN WAT NOG BESIN EN BID DAAROOR - òf hulle moet gee en hoeveel hulle moet gee**

### GELOOFSOFFERBELOFTE - WAT IS DIT?

⇒ Ekstra fondse vir wêreldevangelisasie, sonder om gemeente se *dankoffers* te beïnvloed;

⇒ ‘n Ekstra offer bo en behalwe jou gewone dankoffer;

⇒ Geloofsoffer-belofte is geld wat lidmate, biddend en in afhanklikheid van God en in vertroue op Hom alleen, vooraf belowe vir wêreldsending;

⇒ Persoonlike verbintenis aan God alleen – dis tussen jou en die Here hoe-veel jy gee;

⇒ Geloofsvertroue en Geloofsgehoorsaamheid aan God. Dit help gelowiges om te groei in hul geloof en vertroue op God.

*3 Joh:6* "…help hulle asseblief vir hulle verdere reis op ‘n wyse soos God dit verwag, want hulle is op reis om Christus te verkondig, en hulle ontvang niks van die heidene nie."

*3 Joh:8* "Dit is dus óns plig om sulke mense te onderhou, sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid."

### WAT ‘N GELOOFSOFFERBELOFTE NIE IS NIE!

- ‘n Truuk of foefie
- Emosionele armdraai
- ‘n Verbintenis aan mense
- ‘n Kontantkollekte (geld wat jy reeds het nie)



### Hoe word dit bestuur?

- Dis ‘n saak net tussen jou en die Here
- Niemand gaan jou ooit persoonlik daarna kom vra nie
- Jy onderneem om dit self by die kerk in te betaal (gebruik Geloofsofferkoevertjies
- asseblief – dis by kerkdeure en MI-toonbank beskikbaar)

### Hoe die Here sulke Geloofsofferbeloftes kan voorsien? Deur

◊ ‘n Onverwagse geskenk.

◊ ‘n Toename in inkomste.

◊ Beter rentmeesterskap.






**C.H.R.**

24 Uur Nood Loodgietersdienste

**CLIVE**

16 Gelderland straat, Eloffsdal 0084

Tel: 012 335 2354